Junie 2019 **June 2019**

BULLETIN

www.u3astilbaai.org info@u3astilbaai.org

MAANDELIKSE VERGADERING

Maandag, 24 Junie 2019: 09h00 for 09h30

Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

Die Gouriqua Reaktor wat nooit gebou is nie

Karel Nel

Hoeveel mense vandag woonagtig in Stilbaai onthou dat die regering in die 1980's beplan het om 'n kernkrag reaktor by Ystervarkpunt tussen Stilbaai en Gouritsmond te vestig? Eiendomme is destyds onteien en het daarna bekend gestaan as Gouriqua.

Karel Nel is 'n chemiese ingenieur wat by Kernkor betrokke was by die ontwikkelingsprogram vir 'n loodsaanleg van die voorgestelde kernkrag reaktor op Gouriqua. Hy vertel ons meer van hierdie program, veral met betrekking tot die reaktor tegnologie.

Die praatjie sal in Afrikaans wees, maar die PowerPoint is in Engels.

The Gouriqua Reactor that was never built.

Karel Nel

How many people living in Stilbaai today remember that during the 1980's the government planned to build a nuclear reactor at Ystervarkpunt between Stilbaai and Gouritsmond? Properties were expropriated and was renamed Gouriqua.

Karel Nel is a chemical engineer who was involved with the development programme for a pilot plant of the proposed nuclear reactor at Gouriqua; at the time he was working at Kernkor. He tells us more about the programme, particularly about the reactor technology.

The talk will be in Afrikaans, but the PowerPoint is in English.

DIT EN DAT …

Belinda Gordon het by die Mei vergadering 'n boeiende praatjie gelewer oor die lewens van vroue tydens die Boere-oorlog. Haar navorsing van briewe en dagboeke uit daardie tydperk het haar 'n besondere insig in die persoonlike lewens van baie vroue van albei kante in die oorlog gegee; Belinda het ons die verhale van hierdie merkwaardige vroue vertel.

Ons finansiële jaar eindig 30 Junie, en ons Algemene Jaarvergadering vind plaas op Maandag 29 Julie 2019. Op die AJV sal ons baie kortliks verslag doen oor die afgelope jaar se werksaamhede, en ook ons finansiële state aan die lede voorlê. Die bestaande komitee se termyn verval en 'n nuwe komitee moet herkies of verkies word – laat ons asseblief weet as u belangstel om op die komitee te dien.

Die komitee het ook besluit dat die Ledegelde vir 2019/20, wat betaalbaar is voor einde September 2019, R30 per persoon sal bly.

U3A STILBAAI COURSES

The following course, which is for members only, is currently on offer:

- **Bird Identification for Beginners** : All three 2019 courses are full, and the first course for 2020 is fully booked. Please contact Johan at *rooyenvanjohan@gmail.com* if you are interested as two more courses could be arranged for 2020. More information about this course is available on the Bird Group section of the U3A Stilbaai website, *www.u3astilbaai.org/birdgroup*.

U3A STILBAAI GROEPE

Die volgende groep aktiwiteite vind plaas; onthou dat groep aktiwiteite is slegs vir lede van U3A Stilbaai:

- **Aandele Groep** : Die Aandele groep kommunikeer meestal per epos, maar vergader af en toe; lede wat belangstel kan Christo by *christoprins208@gmail.com* kontak.
- **Astronomie groep** : Die groep het reeds 'n groot aantal lede; kontak Deon by *begemannd@gmail.com* as u by die groep wil aansluit.
- **Fotografie Groep** : Die Fotografie groep vergader die tweede Maandag van elke maand om 18h00 in Die Waenhuis, enige lid wat belangstel kan Lawrence by *barltrop@vodamail.co.za* kontak.
- **Neurowetenskap Groep** : Die Neurowetenskap Groep vergader die derde Woensdag van elke maand om 14h00 in Die Waenhuis. Kontak asseblief vir Jenni by *jennisharkey@gmail.com* indien u belangstel.
- **Stapgroep** : Die groep stap elke Vrydag oggend. Kontak Dalene by *daleneo59@gmail.com*.
- **Voëlgroep :** Kontak Johan by *rooyenvanjohan@gmail.com* indien u belangstel om by die Voëlgroep aan te sluit. Die groep het ook gereelde voëlkyk uitstappies, kontak Pieter by *soetpiet2@gmail.com* as u belangstel. Meer oor die groep is beskikbaar op *www.u3astilbaai.org/birdgroup*.

U3A STILBAAI OUTINGS / UITSTAPPIES

- **Getting to Know Stilbaai.** The Getting to Know Stilbaai outings will continue in September or October. The winter mornings are very cold, and Hella will be away till beginning September; we will keep you informed. Members only.
- **Historiese Bergpasse Uitstappie**. Die uitstappie word weer in September en/of Oktober aangebied. Daar is taamlik belangstelling en ons kan reeds een groep saamstel. Kontak ons gerus by *info@u3astilbaai.org* indien u belangstel sodat ons kan vasstel of ons vir meer as een groep reëlings moet tref. Onthou dat die uitstappie is net vir lede van U3A Stilbaai.

TALKS TO COME ...

Below are the speakers for rest of this year; please note that speakers may change at short notice due to unforeseen circumstances.

- 29 July 2019: **U3A Stilbaai AGM**, followed by a short talk by Richard Webb on the work and achievements of the Photography Group.
- 26 August 2019: Gustav Radloff will talk about land registration and the two facets of land reform, namely land restitution and land redistribution.
- 30 September 2019: Jenni Sharkey will give a talk entitled "Empowered by your Emotions".
- 28 Oktober 2019: Phil Scheffer talks to us about Jazz, what it is and its origins.
- 25 November 2019: Louis Hiemstra gives a presentation on Leonardo da Vinci.

---oooOOOooo---

U3A Stilbaai *improves the quality of life of people of mature age, especially retirees, and encourages the maintenance of intellectual capacity through stimulating programmes of learning and teaching and the social contacts derived therefrom.*

U3A Stilbaai *verbeter die lewens-kwaliteit van ouer mense, veral afgetredenes, en bevorder die behoud van intellektuele kapasiteit deur middel van stimulerende leer- en onderrig-programme en die sosiale kontak wat daarmee gepaard gaan.*